

18 OKTOBER

**SKRIFGEDEELTE: OPENBARING 15:1-8
FOKUSGEDEELTE: OPENBARING 15:8**

Wie nie berou het nie, loop hom vas in die rook

God slaan ag op die berouvolle sondaar en het hom lief (Ps. 51:19). Wat gebeur egter as 'n mens nie opregte berou het nie? Wat gebeur as jy sonder meer volhard in sonde en weier om jou te bekeer? Laat God sulke "hardheid van hart" ongestraf bly? Baie mense dink hulle kan speel met God se genade. Die hoofstuk begin en sluit af met die bedreiging van plaë – plaë wat herinner aan dié in Egipte en waarmee God se brandende toorn sy doel bereik. Wanneer die wêreld lank genoeg versuim het om berou te toon, sal daar 'n dag aanbreek wanneer die sewe engele uit die tempel uitgaan om God se toorn uit te giet, sodat die onboetvaardiges finaal gestraf word. Dan lees ons dat die tempel vol rook word. Niemand kan nou meer daar ingaan vir bemiddeling nie. Vir diegene wat nie aan God behoort nie, is hierdie 'n beeld van ontsetting en angs. Vir dié wat aan God behoort, aanvanklik ook, maar met die eerste oogopslag al spoel die verligting deur die gelowige: Die engele met die bakke vol van die grimmigheid van God dra die uniform van ons Verlosser, Jesus Christus.

Christus, ons Pasga, is vir ons geoffer. Laat ons daarom dié fees vier. Die wraak teenoor 'n ontboetvaardige wêreld waarmee ons daagliks as gelowiges konfronteer word, gaan by ons verby! Die Here het die berouvolle sondaar lief, maar die een wat speel met sy genade moet weet dat daar 'n dag sal kom dat die genadetyd verby sal wees.

Dan sal die opregte gelowige wat berou deur sy lewe geken het, se stem meng met dié van hulle wat deur die eeue heen die Satan weerstaan het. Hulle sal die lied van die hele Bybel sing, van die Ou en die Nuwe Testament: die lied van Moses en die Lam.

Amen.

Sing: Psalm 135:2, 8 (2001-omdigting)

Ds Hennie Schutte (Pretoria-Wes)